

N. Bosman

## Ruimte as intertekstuele belewenis: Dalene Matthee en C.J. Langenhoven

“ ’n Teks is ’n intertekstuele gebeurtenis”, sê Johan Degenaar (1990: 3). In die lig van hierdie uitspraak kan dit sinvol wees om twee baie uiteenlopende tekste kortliks by mekaar uit te bring in die volgende bespreking.

Vir baie lesers was Dalene Matthee se drie Bosromans ’n eerste kennismaking met die wêreld van die Knysnabosse. Dit is asof hierdie bekoorlike landsdeel met nuwe oë bekyk is, ’n hele streek is vir die eerste maal in literêre tekste ontdek. Veral die reaksie (in die pers, van lesers) na die verskyning van *Kringe in ’n bos* (1984) het getoon dat hierdie deel van die land nog nie voorheen in Afrikaanse romans beskryf is nie. Die roman was as’t ware ’n inleiding in die boswêreld en sy mense. Uit die publisiteit rondom die roman na sy verskyning het dit gblyk dat Matthee lank navorsing gedoen het oor die Knysnabos en die Knysna-olifante. Die onoordeelkundige vernietiging van die Bos en die uitwissing van die olifante soos wat dit in die roman aangebied word, bring omgewingsbewaring sterk onder die aandag van die leser. Dalene Matthee ontvang dan ook in 1986 die Bosbouprys vir Natuurbewaring. Die mate waartoe Matthee die gewete van haar lesers geraak het oor die gevare van omgewingsvernietiging in die wêreld buite die romanteks om, blyk onder andere uit die manier waarop elke nuwe brokkie inligting oor die oorblywende olifante in die Bos gretig versprei word. ’n Mens kan nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat veral hierdie eerste van die Bosromans vir baie lesers ’n streek vir die eerste keer laat leef het.

Die Knysnaboswêreld, as ruimte waarteen en waarbinne sekere gebeure afspeel, tree egter reeds sowat 60 jaar voordat *Kringe in ’n bos* verskyn in die Afrikaanse letterkunde op. In 1925 verskyn *Brolloks en Bittergal. Wonderstories vir die kindertjies*, van C.J. Langenhoven. In drie van die stories maak die leser kennis met die “houtbosse”: “Kapokkie”, “Die eensame huisie” en “Die Houtboskinders”. Die bespreking wat volg wil enersyds hierdie nou seker bykans vergete en selde gelese “wonderstories” (kortstondig?) aan die vergeetheid ontruk en andersyds erkenning gee aan die groot invloed wat Langenhoven as storieverteller op minstens hierdie leser gehad het.<sup>1</sup>

By die eerste lees van *Kringe in ’n bos* was daar by my die aangename skok van herkenning — hierdie boswêreld het ek reeds vantevore binne die blaaie van ’n boek ontdek. As kind het ek die Brolloks- en Bittergalverhale herhaaldelik gelees. Volgens ’n taamlik algemeen gangbare opvatting binne die Postmodernisme word die buitetalige werklikheid vir ons slegs toeganklik deurdat daaraan gestalte gegee word in (onder andere) talige tekste. Tekste

kan as intertekste van mekaar resoneer — dit is die geval met die manier waarop die “buitetalige” werklikheid van die Knysnabos in die Langenhoven- en Mattheetekste geparafraseer word. Hierdie artikel wil nie op die hele kwessie van intertekstualiteit ingaan nie. Die term word gebruik omdat verskillende leeservarings hier vra om met mekaar in verband gebring te word. Volgens D’haen word ’n teks altyd geles teen die agtergrond van die hele kulturele sisteem waarbinne dit funksioneer (Bertens en D’haen 1988: 92). Kinderliteratuur neem ’n besliste en belangrike plek in ’n kulturele sisteem in, veral omdat mens seker nooit weer later in jou lewe so onbevange en verbeeldingryk lees en luister nie.

Hierdie na-invloed wat mens se vroeë leeservarings op jou uitoefen, lyk rede genoeg om die in ander opsigte so uiteenlopende Langenhoven- en Mattheetekste saam te lees en wel deur te kyk na die manier waarop die ruimte van die Knysnabos in die onderskeie tekste gestalte kry.

In *Kringe in ’n bos* is die ruimte nie los te dink van die verhaallyn nie, maar ook as gevolg van faktore buite die romanteks om, soos ons bewustheid van die belang van natuurbewaring, verkry die ruimte ’n besondere betekenis vir die leser. Dit is nie die geval in die Langenhovenverhale nie. Hier is dit veral die “wonderstories” wat voorop staan. Tog kry Langenhoven dit reg om ’n sekere beeld van die Knysnawoud by die leser te vestig, ’n beeld wat nog naklink (“klink” omdat dit nie soseer ’n visuele beeld is nie maar een wat by wyse van woorde bestaan) by die lees van die Mattheetekse.

Omdat die Langenhoventekse na alle waarskynlikheid minder bekend is as die Mattheetekse, word hier kortliks aandag gegee aan die beskrywing van die ruimte in eersgenoemde. Die verteller begin die eerste Brolloksstorie deur dit te situeer in die Knysnabos:

Wat ons, wat in die Karoo woon, die “Grasveld” noem, lê tussen die berge en die see. En van die berge af na die see toe loop daar diepe klowe en hulle is toegegroei van groot houtbosse. (Langenhoven 1956: 141).

Die boswêreld word beskryf as ’n baie eensame wêreld: “berge en klowe en houtbosse vol kwaie wilde diere” (bl. 142), daar is ontsaglike hoë bome, waarvan “fraaie huisraad” gemaak word, tussenin groei laer bome en bosse, klimop, varings en blomme. Mens lees van die ewigdurende skemer en die olifante, “(w)ant daardie houtbosse was eintlik die olifante se wêreld” (bl. 201). Alhoewel daar nie vreeslik baie verteltyd aan die beskrywing van die ruimte gewy word nie, behou ’n jong leser sterk die idee van ’n “ondeurdringbare bosgase vas aanmekaar” waarin kinders maklik verdwaal en waarin mense nie werklik tuis is nie. Die gruwelike aard van die verhale, vol mensvreter en toordery, dra sekerlik by tot die beeld wat van die Knysnabosse oorgehou word.

Dat die uitbeelding van die ruimte in die Mattheeroman skerp verskil van dié van Langenhoven hoef skaars gesê te word. Hier word net ’n paar opvallende verskille aangedui.

Waar *Kringe in 'n bos* duidelik 'n roman vir meer volwasse lesers is ('n tienjarige sal die roman skaars aanpak), word die volwasse leser implisiet deur die verteller in die Langenhoven-verhale uitgesluit. Die eenvoudige verteller (vergelyk die taamlik gesofistikeerde verteller in *Kringe in 'n bos*) spreek sy lesers direk aan: "Kindertjies, was julle al ooit in 'n houtbos soos 'n mens dit kry by Knysna en verder langes die kus?" (bl. 200). *Kringe in 'n bos* is dan ook 'n baie langer teks as dié van Langenhoven, wat natuurlik implikasies het vir die hoeveelheid tyd wat aan 'n beskrywing van die ruimte gewy word.

*Kringe in 'n bos* kan beskryf word as 'n realistiese roman, die Langenhoventeks is "wonderstories" — hierin lê nog 'n belangrike verskil tussen die twee tekste. Die realisme in *Kringe* vind veral gestalte in die noukeurige beskrywings van die bos, die bome, voëls en bokke. Die indruk van realisme word versterk deur die kaart van Knysna soos dit in die jare 1860–1889 daar uitgesien het wat voor in die roman gegee word. Die groot hoeveelheid besonderhede en die liefderyke aandag wat aan die bos in *Kringe* gewy word, ontbreek by Langenhoven. Vir die leser van die Mattheeteks word die bos 'n veel groter realiteit as wat dit vir die kindleser van Langenhoven is. Die bos word 'n byna mistieke teenwoordigheid, dit is ondeurdringbaar en onherbergzaam. Die stille en onheilspellende teenwoordigheid van die olifante in die mistige en altydskemer woud waar alle geluide gedemp word, hou iets geheimsinnig in. Vir vreemdelinge is die bos 'n plek om te vrees. In wese bly dit egter ook dieselfde bos as dié wat in die Langenhoventeks gestalte kry, vandaar die herkenning van iets wat reeds gelees, vantevore ervaar is.

Maar die bos verkry 'n bykomende dimensie in die Mattheeroman. Dit word duidelik uit die manier waarop die ruimte deur lesers van *Kringe* beleef word. Hierdie verdere dimensie word moontlik gemaak deur die perspektief waaruit die beskrywing van die bos aangebied word en is moontlik die rede vir die groot bekoring wat die bos in die Mattheeteks vir die leser het. Die roman kyk van 'n afstand van honderd jaar terug na die bos. Die leser van die laat-twintigste eeu sit met 'n besef van verlore tye, met die wete dat die paradys al tot 'n groot mate vernietig is, dat daar in die teks voor haar 'n verbygegangene skoonheid beskryf word. Dit weet sy uit die ander intertekste wat deel uitmaak van haar bestaan. In die Langenhoventeks is daar niks van hierdie pynlike bewussyn te bespeur nie; die ongerepte boswêreld word as enigste gegewe aanvaar. Ons lees *Kringe* met die wete dat dit wat Saul gevrees het (die vernietiging van die bos en die olifante) nou nog ons vrees is, die bos is deel van 'n nasionale gewete. Hierdie gewete word nie aangeraak in die Langenhoven-verhale nie; die kind is onskuldig en lees bloot agter die storie aan. 'n Mens kan selfs aflei dat die verteller in die Langenhoventeks skaars bewus is van die olifante en hulle dreigende lot. Herrie, die olifant in die Langenhoven-verhale, is geen Oupoot nie, maar lief en vriendelik. Die leser van *Sonde met die bure* weet ook dat hy nie 'n Knysna-olifant is nie, maar 'n sirkusolifant wat op 'n vendusie gekoop is.

Die manier waarop die karakters binne die ruimte uitgebeeld word, verskil ook baie in die twee tekste. Matthee se karakters lewe binne in die bos, hulle is om die waarheid te sê afhanklik van die bos vir hulle bestaan. Die bos beïnvloed hulle ganse leefwyse en manier van dink, hulle is onkundig en bygewelinge en voer 'n geïsoleerde bestaan waarin hulle deur mense van die buitewêreld genadeloos uitgebuit word. Hulle toon geen noemenswaardige liefde vir die bos nie maar roei die bome onoordeelkundig uit en leef in vrees saam met die olifante wat vir hulle ivoor geskiet word. (Die hoofkarakter-held is natuurlik die uitsondering hier.) Langenhoven se menskarakters daarenteen, bly aan die rand van die bos of kampeer op die strand — hulle is nie deel van die boswêreld nie. Hierdie wêreld behoort aan towenaars, 'n water-nooientjie, pratende diere en kinders (wat die hele tyd bewus gemaak word van die gevare van die bos deur die verteller).

'n Laaste verskil: die Mattheetekste (ook ten opsigte van die ruimte) maak die leser pertinent bewus van die tyd waarin die verhaal afspeel, maar die wêreld van die Langenhoven-verhale is tydloos. Waar mens die “stories” in die negentigerjare van die twintigste eeu (her)lees, is dit slegs die styl en woordgebruik wat afstand skep tussen verhaal en leser.

Dit is baie duidelik dat die Langenhoven- en Mattheetekste in hulle aanbieding van die Knysnabos as ruimte sterk verskil. Vanweë die uiteenlopende aard van die tekste is dit skaars die moeite werd om hulle in enige verdere opsigte te vergelyk. Hierdie artikel wou slegs aantoon dat die Knysnabos, die “houtbosse” van Langenhoven, vir sommige lesers — dié wat Langenhoven se stories gelees het — as interteks in die beleving van die werklikheid bestaan het lank voordat hierdie bosse moontlik deur *Kringe in 'n bos* deel begin uitmaak het van 'n groter kollektiewe bewussyn.

### Aantekening

1. In ander kinderverhale stel Langenhoven sy lesers ook voor aan die Groot Karoo (die Bittergalverhale) en die Kangogrotte (*Die Krismiskinders*).

### Verwysings

- Bertens, H. en T. D'haen. 1988. *Het Postmodernisme in de literatuur*. Amsterdam: De Arbeiderspers.
- Degenaar, J.J. 1990. Intertekstualiteit. In: Malan, C. en G.A. Jooste (reds.) *Onder Andere* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Langenhoven, C.J. 196. *Versamelde Werke Deel V*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bepark.
- Matthee, Dalene. 1984. *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg.

Universiteit Vista